# Selfbeheersing

Gen 3:6 Spreuke 4:23

Lees die volgende versies en vra vir mamma of pappa as daar iets is wat jy onseker oor is.

Genesis 3:6

Toe besef die vrou dat die boom se vrugte goed is om te eet en mooi om na te kyk en begeerlik omdat dit kennis kan gee. En sy het van sy vrugte gepluk en geëet. Sy het ook vir haar man by haar gegee, en hy het geëet.

Spreuke 4:23

Wees veral versigtig met wat in jou hart omgaan, want dit bepaal jou hele lewe.

Opdrag:

1. Bestudeer die prentjies in die eerste kolom.
2. Hoe laat dit jou voel? Skryf jou emosies (hoe dit jou laat voel) in die tweede kolom neer.
3. Hoe sou jou in hierdie situasies optree (wat sou jy doen) as jy nie eers mooi dink oor wat die regte ding is om te doen nie? Skryf dit in die derde kolom neer. Wat is die REGTE/BETER manier om op te tree in elke situasie? Skryf dit in die derde kolom neer.
4. Wat is die gevolge (wat sal gebeur) van jou verkeerde optrede? Wat is die gevolge van jou regte optrede? Skryf dit in die vierde kolom neer.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1. Jy het reeds 'n cupcake geëet en soek nog. Jou ouers sê jy mag nie nog kry nie. Jy gaan haal iets in die kombuis en daar staan die bord vol cupcakes vir jou en loer…  | | | |
| 2. Iemand in jou klas spot jou of een van jou vriende.  | | | |
| 3. Jy wil graag 'n fliek kyk, maar jou ouers sê jy is nog te jonk. | | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Hulle is by die werk en sal nie weet of jy dit gekyk het nie…  | | | |
| 4. Dit is 'n weeksaand en jy moet vroeg gaan slaap. Jy is besig om iets lekkers te doen en wil nie ophou nie.  | | | |

In Spreuke leer ek dat dit wat ek in my hart dink, gaan beïnvloed wat ek doen. Eva het na die boom se vrugte gekyk en net die lekker van dit gesien. Sy het nie gedink aan dit wat God vir haar en Adam gesê het nie. Sy het die verkeerde goed in haar hart gedink en toe verkeerd opgetree, daarom het daar na die tyd nie goeie goed gebeur nie. Dit is ook dieselfde met besluite wat ek maak. Bv.

- As ek myself nie beheer nie en nog ‘n cupcake eet nadat Mamma gesê het ek mag nie nog kry nie, sal ek siek word. Mamma sal ook kwaad en teleurgesteld wees. MAAR As ek myself beheer en luister sal ek nie siek word nie en Mamma sal trots wees op my.
- As iemand my of my maatjie spot en ek myself nie beheer nie en ek baklei met die persoon of spot hom of haar terug sal ons albei in die moeilikheid kom. Die persoon sal ook net die lelike in my sien. MAAR As ek myself beheer en mooi sê dat ek nie daarvan hou nie en dan met die juffrou oor dit praat, wys ek vir die boelie dat mens ander kan optree EN ek kom nie in die moeilikheid nie.
- As ek myself nie beheer nie en ‘n fliek kyk wat ek nie mag nie, sien ek goed wat nie goed is vir my nie en dit kan maak dat ek weer verkeerde goed in my hart dink. Of die fliek kan my dalk baie bang maak en ek sal nie met my ouers kan praat oor wat ek gesien het nie. MAAR As ek myself beheer sal ek nie lelike goed sien nie en kan iets kyk of gaan doen wat my hart veilig hou.
- As ek myself nie beheer nie en ek hou aan speel, sal ek die volgende dag by die skool baie moeg wees. Mamma en Pappa sal ook met my raas omdat ek nie luister nie. MAAR As ek myself beheer en ophou speel sal ek die volgende dag nie moeg wees nie. Ek sal my beste by die skool kan doen en die dag geniet.

DAAROM BESLUIT EK OM MYSELF TE BEHEER EN EERS TE STOP, TE DINK EN DAN TE DOEN.

